# Module 2-opsomming

## Plaaslike, streeks- en internasionale toerisme – Die GSPT

## Opsomming

### Hoofstuk 1: Die Groeistrategie vir Plaaslike Toerisme

#### Eenheid 1: Konsep van groeistrategie en doelwitte vir die bevordering van plaaslike toerisme

'n Groeistrategie is 'n strategie wat ontwikkel is om aksies te identifiseer wat die binnelandse toerismebedryf se ekonomiese impak sal verhoog. Sleuteldoelwitte van Suid-Afrika se Groeistrategie vir Plaaslike Toerisme (GSPT) is:

- volhoubare groei en ontwikkeling in bruto binnelandse produk (BBP)
- herverdeling en transformasie in die toerismesektor
- volhoubare bemagtiging van mense en werkskepping.

#### Eenheid 2: Maniere om GSPT-doelwitte te bereik

- Verhoogde besteding
- Vermindering van seisoenaliteit
- Verbetering van die geografiese verspreiding van toerisme
- Verhoogde volumes.

### Hoofstuk 2 Die sewe marksegmente vir binnelandse reis

#### Eenheid 1: Konsepte wat in die GSPT gebruik word

Die binnelandse (plaaslike) toerismemark bestaan uit verskillende kliënte met verskillende behoeftes. 'n Segmentprofiel is 'n opsomming van die kenmerke van 'n groep verbruikers.

#### Eenheid 2: Die sewe segmente en statistiek

- Jonk en opkomend
- Onafhanklike jong paartjies en gesinne
- Vooruitstrewende gesinne
- Welgestelde huislike paartjies
- Tuisgebaseerde, lae-inkomste-paartjies
- Ouer gesinne met basiese behoeftes
- Goue aktiewe paartjies

#### Eenheid 3: Pas die plaaslike reissegmente by die sewe toerismeprodukte

Die sewe toerismeprodukte en hoe dit by die sewe segmente pas:

- Stadswegbreekkanse: word verkies deur jong en opkomende, onafhanklike jong paartjies en gesinne, welgestelde huislike paartjies
- Boservarings: word verkies deur onafhanklike jong paartjies en gesinne, welgestelde huislike paartjies, goue aktiewe paartjies
- Gebeurteniswonders: word verkies deur jong en opkomende, onafhanklike jong paartjies en gesinne, welgestelde huislike paartjies
- Plattelandse uitstappies: word verkies deur alle segmente behalwe jong en opkomende, onafhanklike jong paartjies en gesinne, welgestelde huislike paartjies
- Bergontvlugtings: word verkies deur onafhanklike jong paartjies en gesinne, welgestelde huislike paartjies, goue aktiewe paartjies
- Kuswegbreekkanse: word deur alle segmente verkies behalwe jong en opkomende en goue aktiewe paartjies
- Kultuurontdekkings: word deur alle segmente verkies.

## Hersiening

**1.1** As 'n toeris van Botswana een of meer nagte in Durban deurbring, sal hy of sy watter soort toeris wees?

A Streeks-
B Provinsiale
C Nasionale
D Afrika- (1)

**1.2** _______reismarksegmente sluit onafhanklike jong paartjies en goue aktiewe paartjies in.

A Gevestigde
B Onontginde
C Ontwikkelende
D Opkomende (1)

**2.1** Waarvoor staan die akroniem RETOSA? (1)
**2.2** Watter soort organisasie is RETOSA? (2)
**2.3** Wat is die doelwitte van RETOSA? (3)

**3.1** Noem VIER vakansieprodukte. (4)
**3.2** Identifiseer VIER binnelandse toeristesegmente. (4)

**3.3** Pas TWEE gepaste produkte by die volgende:
**3.3.1** Universiteitstudente wat daaraan dink om te trou. (2)
**3.3.2** 'n Jong prokureur en haar man en hul twee jong kinders. (2)
**3.3.3** 'n Afgetrede bankier en haar man, 'n afgetrede argitek. (2)

**Totale punte = 22**

Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk. 2012.